

CACHET

GEREFORMEERDE KERK

*7 Augustus 2022*



[www.gkcachet.org.za](http://www.gkcachet.org.za)

**Afrikaanse Eredienste**Sondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op  
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

**English Worship Service**Sundays 10:45

In the Church House on the  
NWU Campus, 28 Hoffman Street

**Kerkkantoor**Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;  
079 4949 7360

**Predikante**

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;  
brahmrobinson@gmail.com  
Ds. Noah Kim – 082 593 6428;  
solaprochristo@hotmail.com

**Kontakpersone & Inligting** **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983  
robinsonlida@gmail.com  
Jonette Terblanche – 071 563 5165  
Jonetteterblanche@gmail.com

**Koster en PowerPoints:**

Schalk Buys – 063 679 7071  
schalkbuys7@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**

Pieter Deysel –  
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921  
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**

Schalk Buys – 063 679 7071  
cachetdiakonie@gmail.com  
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Jubila-voorsitter:**

Frikkie Deysel – 079 695 0119  
Frikkie4deysel@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**

Minette van Vuuren – 084 580 4002  
minie.vanvuuren@gmail.com

**Bankbesonderhede:**

Gereformeerde Kerk Cachet  
Takkode: 632005  
ABSA-tjekrekening  
Rekeningnommer: 06 7034 0023  
Verwysing: wyk, voorletters en van



## Oggenddiens (09:00)

Ds. Brahm Robinson

Skriflesing: Markus 10:1-12

Tema: Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie



## Aanddiens (18:00)

Ds. Brahm Robinson

Skriflesing: 1 Timoteus 3:1-13

Tema: Die Here gee Geesvervulde leierskap om sy kerk te bedien





# Katkisasie



## Sondae om 10:00



Doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle.

Matteus 28:19-20




Verhef U in u sterkte, HEER!  
En laat u groot vermoë  
gesien word vóór die oë  
van almal wat U roem en eer.  
Ons buig ons voor u mag  
en prys u heldekrag.

Psalm 21:9 (Totius)

**Lief en Leed:**

† Ons is tans nie bewus van enige lief en leed nie.




**Liefdegawes:**

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

**Oggend 1ste kollekte:**

Ramings Klassis  
Potchefstroom

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie  
ABSA Tjekrekening  
0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Ramings Klassis  
Potchefstroom  
(deponeer elke kollekte apart)

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

**Aand 2de kollekte:**

Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie  
ABSA Tjekrekening  
0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid  
(deponeer elke kollekte apart)

**Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:**

Snapscan vir maandelikse bydraes:



<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening  
0670340023  
Takkode: 335138  
Verwysing: Naam, van en wyk

**VERJAARSDAE:**

- |    |          |                         |
|----|----------|-------------------------|
| 5  | Augustus | Naldo Kent              |
| 5  | Augustus | Barnabas van der Walt   |
| 5  | Augustus | Sumé Venter             |
| 8  | Augustus | Nicci van Loggenrenberg |
| 10 | Augustus | Cecilia Engelbrecht     |



Ons loof die Naam van onse God.

Mag Hy u wens u gee!

Psalm 20:5B

## Administratief



### 1. Nagmaal

Ons vier DV 21 Augustus, tydens die aanddiens, nagmaal. Indien jy saam met ons nagmaal wil gebruik, maar nie 'n lid van Cachet is nie, reël vir 'n getuienisbrief van jou tuisgemeente af en handig dit in by enige ouderling, asseblief.



### 2. Koepelstap

Daar is Dinsdag, 9 Augustus, 'n koepelstap vir diegene by Thabela Thabeng in die Vredefortkoepel. Kontak vir Willem van der Meer (073 021 6871), asseblief.





GK Cachet nooi alle laerskool  
kinders en hul ouers na die

# Kinders Kamp

**16-18 SEPTEMBER 2022**

**NOOITGEDACHT KAMPTERRAIN**

Kamp kostes p/p:  
Volwassene/Hoërskool R270  
Laerskool R200  
Voorskool R100

**Registreeer op goooglevorm  
of kontak die kantoor:**

**079 494 7360**

Dis weer tyd vir ons

# NAMIBIË- UITREIK

28 November – 7 Desember  
2022

**Kontak**  
**Louis Boshoff (072 804 9779)**  
**of Estmia van der Walt (078 625 7400)** vir meer inligting.





# Evangeliseringspraktyk

Deur Prof. Henk Stoker  
en Finalejaar  
Teologiestudente

Plek: Kerksaal GK Potchefstroom

Tyd: 18:00 - 19:00

Elke dinsdag in  
Augustus en  
September

Aan Gereformeerde Kerk Cachet

Die volgende kursus word DV aangebied in die 3<sup>de</sup> kwartaal van 2022:

## Evangeliseringspraktyk

Aangebied deur Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool  
Potchefstroom en finalejaar Teologiestudente

Plek: Kerksaal GK Potchefstroom  
Tyd: 18:00 – 19:00

- |                      |                                      |
|----------------------|--------------------------------------|
| Dinsdag 02 Augustus  | – Inligtingsvrae                     |
| Dinsdag 16 Augustus  | – Leidende vrae                      |
| Dinsdag 23 Augustus  | – Struikelblokke                     |
| Dinsdag 30 Augustus  | – Dissipelmaking                     |
| Dinsdag 06 September | – Skepper – Gesprekke met ateïste    |
| Dinsdag 13 September | – Verlosser – Gesprekke met kultes   |
| Dinsdag 20 September | – Middelaar – Gesprekke met kultes   |
| Dinsdag 27 September | – Sondaar – Gesprekke met Charismate |



## **Die Bybelgenootskap het jaarliks 'n Virtuele Draf Stap Trap vir Bybels**

Die jaarlikse Draf Stap Trap vir Bybels se inskrywings is nou oop! Jy kan op enige plek en enige dag tussen 1 en 21 Augustus 2022 deelneem. Inskrywings kos R100 per persoon en help die Bybelgenootskap om Bybels beskikbaar te stel. Elke deelnemer kry 'n nommer en 'n bewys van deelname. Gebruik die skakel hieronder om in te skryf. Baie dankie dat jy 'n Saaier van Hoop is.

[Draf Stap Trap vir Bybel inskrywingskakel](#)



**CREATION MINISTRIES INTERNATIONAL**  
**SPREKER IN GK POTCH-OOS SE KERKGEBOU**

Pieter le Roux van CMI het gevra om GK Potch-Oos se kerkgebou te gebruik vir 'n aanbieding van hierdie bediening. Die geleentheid word aan die breë gemeenskap van Potchefstroom aangebied en lidmate word ook uitgenooi om na die aanbieding te kom luister.

Woensdag, 17 August 2022

Tyd: 18:00

Tema: Genesis: Fondasie van die Evangelie

Gaan kyk op sy webwerf "[creation.com](http://creation.com)" vir sy geloofstandpunt en die doel van sy bediening: "*Creation Ministries International exists to support the effective proclamation of the Gospel by providing credible answers that affirm the reliability of the Bible - in particular its Genesis history.*"

# God sluit 'n ewige verbond van genade met jou



 **KRUISPAD**  
e-tydskrif

maandeliks  
gratis  
gereformeerd

Die woord verbond is een van daardie woorde wat ons nie in ons alledaagse lewe gebruik nie, maar wat baie belangrik is wanneer ons oor geloof praat. Dit is eintlik só 'n belangrike woord dat ons die hele Bybel daarmee kan verduidelik.

As ons van 'n verbond praat, verwys dit na 'n vaste verbintenis tussen God en die mens. God verbind Homself aan ons deur 'n belofte te maak en sekere eise te stel. God stel verskillende beloftes aan byvoorbeeld Adam, Abraham, Noag, Moses en Dawid. Maar, elke keer word daar gesondig en kom die mens nie sý kant na nie. Die mens kon dit nie regkry nie, en daarom moes Jesus Christus ons plek inneem.

Wanneer ons die eerste keer van die nuwe verbond lees, sê die Here reeds dat Hy dit anders gaan doen: "Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees," (Jeremia 31:33). In God se genade maak Hy elke keer 'n nuwe begin, 'n nuwe verbond, met sy volk. Omdat Jesus Christus die verbond namens ons nakom hoef daar nooit weer 'n nuwe begin gemaak te word nie, want Christus is volmaak.

As jy in **hierdie maand se Kruispad e-tydskrif** oor al die verbonde in die Bybel lees, sal jy sien hoe die nuwe verbond ontwikkel het vanaf die eerste verbond wat God met Adam gemaak het. Hoewel Jesus die verbond namens ons nagekom het, het God steeds sekere verwagtinge van ons as gelowiges. Hy gee ons dan ook die nodige krag om Hom te gehoorsaam. Daarom is dit noodsaaklik dat ons die Bybel bestudeer: Ons moet die eise verstaan, en meer nog, die wonderlike belofte van die ewige lewe wat ons ontvang.


Tot volgende maand,

*Kruispad*-redaksie



### 8 Vinnige vrae om verbonde te verstaan

Kruispad e-tydskrif antwoord al die grootste vrae oor verbonde in die Bybel sodat jy dit beter kan verstaan. **Lees die vrae en antwoorde hier.**



## God se eerste verbond met die mens

Die eerste verbond waarvan ons in die Bybel lees is die een wat God met Adam in die paradys maak. **Lees hier** oor dié verbond en hoe dit 'n verbond van genade word.

## Deel die blye boodskap!

Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op **hierdie skakel** om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons **webwerf**: Elke artikel het 'n drukopsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!





**A r o s**

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

<b>Vakante pos:</b>	Sekretaresse vir registrateur
<b>Departement:</b>	Akademie Administrasie
<b>Sluitingsdatum:</b>	10 Augustus 2022
<b>Aanstellingsdatum:</b>	1 Oktober 2022
<b>Verwysing:</b>	S/AA/2022

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is 'n Christelike privaat tersiêre instelling met sy kampus in Montanapark te Pretoria. Aros bied reeds meer as 'n dekade Reformatoriese opleiding op die gebied van die onderwys. Aros is in 2012 geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en is by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer. Die instelling beskik oor 'n personeelkorps van ongeveer 110, bied tans opleiding aan ongeveer 2 100 studente en het oor die afgelope 8 jaar 1 091 gegradueerdes gelewer.

In die lig van Aros se visie wat as uitnemende Christelike universiteit, gegrond op die Bybel, die samelewing tot eer van God wil vernuwe, nooi ons hoogs gemotiveerde persone wat hierdie visie deel om vir die posisie aansoek te doen. Besoek gerus ons webwerf by <http://www.aros.ac.za> vir meer inligting oor Aros.

**Kwalifikasie:**

- Toepaslike sekretariële kwalifikasie sal tot voordeel van die voornemende kandidaat wees.

**Werkservaring:**

- Ten minste vyf jaar administratiewe of sekretariële werkservaring
- Ten minste drie jaar ondervinding in die hou van notules in 'n professionele omgewing
- Ondervinding in 'n regspraktyk, basiese kennis van regsprosesse of ondervinding in 'n hoërondewysomgewing sal voordelig wees.

T 012 332 3227/8  
F 012 332 3266  
E [info@aros.ac.za](mailto:info@aros.ac.za)  
W [www.aros.ac.za](http://www.aros.ac.za)

Posbus 31120  
Totiusdal, 0134  
Besembiesieweg 1037  
Montanapark, Pretoria, 0182

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoërondewysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012HE08/001.

**A r o s**

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

**Vereistes:**

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- vertrouwd met Aros se grondslag, missie en visie en bereid om dit met diensaanvaarding te onderskryf (Grondslag, visie en missie is op aanvraag beskikbaar.)
- 'n lidmaat van en aktiewe deelname aan 'n kerk met 'n Gereformeerde belydenis, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid
- goeie interpersoonlike verhoudinge en kommunikasievaardighede
- goeie tydbestuur en vermoë om suksesvol onafhanklik en in 'n span te kan werk
- die vermoë om onder druk steeds werk van 'n goeie gehalte te lewer
- oor goeie administratiewe vaardighede beskik
- die lewering van noukeurige en akkurate uitsette
- handhawing van vertroulikheid, professionele gedrag en voorkoms
- rekenaargeletterd in Microsoft Office en Outlook
- akkurate tikvaardighede en goeie tikspoed
- taalvaardighede: Afrikaans en Engels

**Verpligtinge:**

- Algemene administratiewe take wat deur die registrateur gedelegeer word
- Amptelike notulehouer vir die Onderrigkomitee, Navorsingskomitee, Senaat en subkomitees van hierdie liggame
- Ad hoc-notulehouer vir die Raad en Ledeforum
- Administrasie van studente- dissiplinêre aangeleenthede
- Professionele hantering van studente- en personeelnavrae, o.a. per e-pos en telefonies
- Hulpverlening tydens die reël van amptelike geleenthede (bv. die akademiese opening en die gradeplegtigheid)
- Ad hoc-take

*Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.*

**A r o s**

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

**Werkure:**

- Minimum veertig (40) uur per week
- Maandae tot Vrydae van 07:30–16:00

**Vakansieverlof:**

- 20 dae per jaar. Dit sluit die tydperk tussen Kersfees en Nuwejaar uit.

**Aansoekprosedure:**

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen. Die volgende dokumentasie moet die aansoek vergesel:

- o die aansoekvorm wat beskikbaar is by [www.aros.ac.za/Webltem?listId=41](http://www.aros.ac.za/Webltem?listId=41) (Die vorm kan elektronies ingevul word.)
- o die aansoeker se CV
- o bewyse van kwalifikasies
- o 'n getuigskrif van die leraar of kerkrad van die gemeente waarvan die aansoeker 'n lid is (Hierdie getuigskrif moet getuienis bied oor die aansoeker se leer en lewe, waaronder kerklike betrokkenheid en verbintenis tot die Gereformeerde belydenis.)

Die aansoek en, waar enigsins moontlik, ook die ondersteunende dokumentasie moet in **Afrikaans** wees aangesien dit die voertaal van Aros is en ook die taal waarin die posbektel sy/haar werk by Aros sal verrig.

Die aansoek en ondersteunende dokumentasie moet voor of op **10 Augustus 2022** in **PDF-formaat** gestuur word aan: [renate.murray@aros.ac.za](mailto:renate.murray@aros.ac.za).

Indien u nie voor **30 September 2022** enige terugvoer van Aros ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie.

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# **die Kerkblad**

**Augustus 2022**

**Gekroon tot diens ...**

**Om boer te wees – In U Lig**

**[www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)**



# Inhoud

## Augustus 2022

**JAARGANG 123, NO. 3369**  
**Augustus 2022**

- 
- |    |   |    |                                      |
|----|---|----|--------------------------------------|
| 1  | VAN DIE REDAKTEUR<br>Vrae oor die dood                                | 12 | Gekroon tot diens (2)                |
| 4  | UIT DIE WOORD<br>Moenie die kerk se verborge heerlikheid vergeet nie! | 15 | Sinodeskatte – 6 – SINODE 1876       |
| 6  | REDAKSIONEEL<br>Calvyn en die gebed (3)                               | 16 | Gereformeerde Onderwys – Hoekom? (4) |
| 8  | BRANDPUNT<br>Johan Retief se reis is nog nie voltooi nie ...          |    | VAN ORALLOOR                         |
|    | FOKUS   | 18 | Nuusbrief Transoranje Instituut      |
| 10 | Om boer te wees– In U Lig   | 19 | GTW Jaarlikse Konferensie            |
|    |   | 20 | Lief en Leed                         |
|    |   | 21 | Op die Kerkwerf                      |
|    |   | 23 | Kleinadvertensies                    |

### REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee  
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie  
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock

### Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

### Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343  
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493  
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464  
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



### EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

# Vrae oor die dood



Nie een van ons het ervaring van die dood nie. Selfs in die Bybel vind ons nie veel oor wat mense in die sterwensomblikke ervaar nie. Telkens word dit net gestel dat iemand gesterf het. Ook ten opsigte van die persone wat uit die dood terugkeer het (die dogtertjie van Jairus, die seun van die weduwee van Nain, Lasarus, die onbekende aantal mense wat met die kruisiging uit die grafte uitgegaan het) word aan ons in die Bybel absoluut niks van hulle "doodservaring" meegedeel nie. Ons moet aanvaar dat die Here dit nie nodig ag dat ons meer moet weet nie, of anders gestel, dat ons genoeg weet wat nodig is vir ons saligheid.

**T**og hou die dood en wat 'n mens in die oomblik van die dood beleef die mens se gedagtes steeds besig. Ons het al dikwels gelees van mense wat sê hulle was dood, maar het weer teruggekeer. Hulle verhale oor wat hulle in dié tyd sou ervaar het, geniet dan geweldige publisiteit en word dikwels gretiger gelees en geglo as die Bybel. Ons verwerp hierdie "verhale" onder andere om die volgende redes:

- Hierbo het ons reeds gestel dat die Here dit nie nodig geag het om aan ons besonderhede te gee oor wat 'n mens in die oomblik van die dood ervaar nie. Ons moet dus nie uit nuuskierigheid meer wil weet as wat die Bybel ons meedeel nie.
- Selfs die mense van wie ons definitief weet dat hulle dood was en weer lewendig geword het, deel absoluut niks mee van hulle ervaring in die sterwensomblikke en daarna nie.
- Die dood is vir die kind van die Here 'n bevryding, 'n deurgang na die heerlijkheid. Waarom sal die Here 'n kind van Hom eers deur die poort neem na die heerlijkheid, die afsterwing van die sondes laat beleef, en daarna weer terugplaas in hierdie lewe met al sy stryd en moeite en worsteling?

Wat die Bybel ons wel leer  
Alhoewel die Here in sy Woord grootliks swyg oor

wat die mens in die sterwensomblikke ervaar, moet ons erns maak met dit wat die Bybel ons wel leer oor die dood self en dit wat God doen in die oomblikke van die dood.

En dan sien ons in die eerste plek dat die dood 'n vyand is. Dit is die laaste vyand wat vernietig moet word (1 Kor. 15:26). Daar is niks meer onnatuurliks as die dood nie, hoe ons ook al daaraan "gewoond" geraak het en ons eintlik nie 'n wêreld kan indink sonder die dood en alles wat daarmee saamgaan nie (hospitale, begrafnisondernemers, rouklere, lewensdekking ens.).

Die dood moes nooit daar gewees het nie. Dit het gekom as gevolg van die sonde. In die nuwe Jerusalem sal die dood nie meer daar wees nie (Op. 21:4). Dood en lewe is nie twee "natuurlike" prosesse wat mekaar afwissel nie. Dit is twee onversoembare magte wat teenoor mekaar staan.

En omdat die dood onnatuurlik en 'n vyand is, is dit ook 'n verskrikking, veral vir die ongelowige. Die dood bring die ongelowige by die oordeel van God oor sy sonde en die ewige straf. Vir ons as gelowiges mag dit anders wees. Ons bely in Vraag/Antwoord 42 van die Kategismus dat die dood vir ons nie die straf op ons sondes is nie, maar die afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe. Daarom sien

en ervaar die gelowige die dood heeltemal anders as die ongelowige.

Ons kan hier dink aan die laaste woorde van Totius wat hy in potlood agter in sy Psalmboek geskryf het en wat eers ná sy dood gevind is: *“Daar sal geen doodsvrees wees nie, my Verlosser sal my tegevoetkom en lei na die heerlike geweste van die Drie-Enige God, van sy engele en gesaligdes. Laat my dierbares deur Gods genade tog dié pelgrimspore volg. Ja, ook alle gelowiges. Genade, alles genade.”*

Christus het die dood oorwin. Hy het die engel uit die dood uitgehaal. Die dood is vir ons nou soos 'n skerpioen of 'n dodelike insek waarvan die engel vernietig is (1 Kor. 15:55). Die dood kan ons nie meer doodmaak nie.

In die Bybel vind ons die bekende woorde van Paulus in Filippense 1:21, 23: *“... om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins ... ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste ...”*

Tog kan ons nie ontken dat daar by elkeen van ons 'n element van vrees is wanneer ons aan die dood dink nie. Ons sing in Psalm 68 dat ons “sidder vir die dood”. Die dood, om dood te gaan, is totaal onbekend. Dit is hierdie element van onsekerheid wat ook 'n mate van vrees bring. Daarby is dit so dat die aanvegting van die duiwel en die sonde nie ophou tot die laaste oomblik nie.

Waarom het 'n sterwende behoefte?

In die geval van iemand wat byvoorbeeld terminaal siek is, waar ons kan praat van 'n “sterwensproses”, is daar 'n geweldige behoefte aan begeleiding (deur 'n dominee, ouderling, dierbares, medegelowiges). Dikwels is in sulke oomblikke net die liefdevolle, vertroostende teenwoordigheid van so 'n persoon al genoeg. Die sterwende wil in die reël sy of haar mense naby hê.

Wat die begeleiding van so 'n persoon uit die Woord betref, moet daar gekonsentreer word op die bekende sekerhede, die vaste beloftes van God (Ps. 23, Jes. 43; Rom. 8; Fil. 1, ens.). Net so moet die gebede kort wees en die sekerhede van die geloof, gebou op die beloftes van God, vir sy kind afsmeek.

Waarvan mag ons seker wees?

Die Bybel verkondig in die duidelikste taal aan ons dat die Here sy kind juis ook in die sterwens-oomblik nie alleen laat nie. Al staan ons dikwels magteloos by 'n siekbed en kan ons as mense nie meer kommunikeer nie, wyk Christus nooit van ons nie (Matt. 28:20; Ps. 23; HK v/a 47; Rom. 8). Selfs die dood kan ons van sy liefde nie skei nie. Ons behoort immers in lewe en in sterwe aan Hom.

Die Here gee nie net aan sy kind genade om te leef nie, maar ook genade om te sterf. Daarby ontvang die kind van die Here die rus en die anker van die geloof. Hoe dikwels sien ons dan ook die vrede en kalmte op die gelaat van 'n sterwende. In die sterfkamer sweef die engele. En in die oomblik van die dood gaan die hemel bokant die gelowige oop (vgl. Hand. 7:55). By die gelowige se dood kan ons werklik praat van “ontslaap” (Joh. 11:11; 1 Tess. 4:14).

Wat gebeur in die oomblik van die dood?

Wanneer 'n mens sterf, die laaste asem uitblaas, dan word die siel en die liggaam uitmekaar geskeur. Dit is wat die dood so verskriklik maak, dat die twee-eenheid van siel/lichaam wat eintlik onverbreeklik is, dan wel verbreek word. 'n Liggaam sonder siel is nie volledig mens nie en net so ook 'n siel sonder 'n liggaam.

Die siel is onsterflik. Wat die gelowige betref, word die siel onmiddellik by die dood deur die engele weggedra na Christus toe (vgl. HK v/a 57; Luk. 16:22; Luk. 23:43). En die liggaam bly agter om begrawe te word met die oog op die opstanding.

Wat van genadedood (eutanasie)?

Die hele kwessie van die sogenaamde genadedood word vandag opnuut aan die orde gestel in die lig van veral ontwikkelinge op mediese gebied, maar ook vanweë die gees van die tyd. Ons verwerp die sogenaamde aktiewe genadedood op grond van die Skrif. Onder aktiewe genadedood verstaan ons 'n aktiewe ingrype (bv. deur 'n dodelike inspuiting) om 'n lewe wat “nie meer gered kan word nie”, te beëindig en moontlik verdere pyn en lyding te verhoed.

Die Bybel leer ons dat God alleen oor die lewe beskik. Hy alleen kan die lewe gee. Daarom kan Hy alleen dit ook neem. Verder is hierbo reeds gestel



# V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae  
Elandstraat 12, Koedoespoort  
E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

**Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643**

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

**Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!**

**Sedert 1946 in die Drukkersbedryf**

dat God se genade sy kind dra tot op die laaste. Hy het ook met pyn en lyding in ons lewe 'n heerlike doel (Rom. 8:28). By 'n sterfbed is Hy nie net met die sterwende besig nie, maar ook met hulle wat rondom staan.

Hierby moet ons egter ook stel dat daar wel so iets soos 'n "passiewe" genadedood is waarteen ons nie beswaar het nie. Daaronder verstaan ons byvoorbeeld dat die masjiene afgeskakel kan word in 'n geval waar iemand breindood "verklaar" is en die asemhaling en ander liggaamsfunksies eintlik net kunsmatig aan die gang gehou word. Maar selfs in so 'n geval is die lewe steeds in God se hande.

Wat van selfmoord?

Ons beskou ook selfmoord as sonde. Net soos ons nie die lewe van 'n ander mens mag neem nie, mag

ons ook nie ons eie lewe neem of onself moedswillig in gevaar begeef nie (vgl. HK v/a 105).

Mense wat selfmoord pleeg, sien dit dikwels as 'n uitweg of oplossing as die lewe vasgeloop het. Ons mag die dood nie soek of begeer as 'n oplossing vir ons probleme nie. Die enigste werklike oplossing is egter om vas te gryp aan die verlossing van Christus en sy genade. Hierby moet ons egter ook duidelik stel dat selfmoord nie 'n onvergeeflike sonde is nie en dat dit ook kan gebeur dat iemand oor 'n grens gaan waar hy/sy nie meer "toerekeningsvatbaar" is nie.

Slot

Die belangrikste van alles is dat ons tye in God se hand is (Ps. 31:16) en dat Hy "volkome uitkoms" gee, ook wanneer ons sidder vir die dood. <sup>CFCC</sup>



# Moenie die kerk se verborge heerlikheid vergeet nie!

Lees: 1 Korintiërs 6:1-11    Teks: 1 Korintiërs 6:2, 3

Iemand sal maklik sê: Dit kom ons nie toe om te oordeel nie. En dis waar, ons mag mense nie veroordeel nie. En alhoewel dit vir hierdie bedeling geld, kom die oordeel ons tog toe. Nie nou nie, maar eendag, want die kerk se heerlikheid is verborge, weggesteek, mense kan dit nie nou sien nie. Ja, die kerk kan dit self ook nou nie sien nie, maar sy is veronderstel om deeglik daarvan bewus te wees. Die kerk is van adellike afkoms, die kerk is die erfgename van die Koning van die heelal.

In Korinte het die kerk aan horisonsversmalling gely, sy het vergeet wie sy eintlik is. Hulle het geword soos die mense rondom hulle. Die adellikes het soos die straatvolk geword. Dit het in die kerk daar soms erger gegaan as in die heidendom. Verskriklike owerspel, daar was geen tug nie, daar was skeuring, dronkenskap by die nagmaal, emosionaliteit en onordelikheid in die erediens. In ons teksgedeelte lees ons hoedat gelowiges met mekaar slaags geraak het en dan na die wêreldse hof toe gehardloop het. Die rede? Hulle het vergeet van hulle heerlikheid.

En dit gebeur so maklik, want ons leef in hierdie wêreld, al is ons burgerskap in die hemele. 'n Gelowige is nie op 'n ander manier mens nie, sy omstandighede verskil nie van 'n ongelowige s'n nie. En 'n ware gelowige het nie die luuksheid soos die monnikke van ouds om in 'n klooster vir die wêreld te gaan wegkruip nie. Daarom kan die kerk se horison so maklik versmal.

Maar die gelowiges is die eiendom van die Here Jesus, en Hy gee aan sy kerk koningskap, staan daar in Openbaring. Die kerk is adellik. Die kerk se heerlikheid is ontsettend. Hierdie heerlikheid is verwerf. Dis verwerf op Golgota met die kosbaarste

middel ooit. En daarom is hierdie heerlikheid so ontsettend groot. Hierdie verdiende heerlikheid is so groot dat die heiliges die wêreld en engele sal oordeel, staan in die teksgedeelte. Hierdie woord vir oordeel dui daarop om reg te spreek. Maar ons moet onthou dat die konings destyds ook geoordeel (regspraak beoefen) het.

En tog, kom dit nie net die groot Regter toe om te oordeel nie? Wie is ons om te oordeel? Die kerk se verworwe heerlikheid is veel groter as wat 'n mens kan dink. Christus sê self dat die dissipels die twaalf stamme van Israel sal oordeel. 'n Manier om die kerk se deelname aan die oordeel te verstaan, is deur onderskeid te maak tussen die skuldigbevinding en die vonnisoplegging.

God is die groot Regter wat deur sy Seun oordeel, maar dis baie belangrik dat Christus sy menslike natuur nie afgee met die oordeel nie. Dat Hy juis nou ook na sy mensheid oor alles regeer. En dat Hy eendag na sy mensheid as Koning oor alles sal oordeel. Die Hoof van die nuwe mensheid is die Een aan Wie die ganse oordeel oorgelaat word. Almal sal voor Christus moet verskyn en sal geoordeel word volgens hulle werke, staan dit elders. Die gelowiges sal egter vrygespreek word, omdat al hulle werke gewas is in die bloed van Christus. Die ongelowiges daarenteen word skuldig bevind, hulle name staan nie in die boek van die lewe nie. En Christus wat die Hoof van die nuwe mensheid is, laat die nuwe mensheid saam met Hom oordeel. Die kerk is dan betrokke by die vonnisoplegging.

Die bruid oordeel saam met die Bruidegom. Die nakomelinge van die tweede Adam oordeel as konings nou saam met Hom. Die oordeelsdag is die bewys van ons onskuld in Christus (NGB Art. 37). Die oordeelsdag is die voltooiing van ons verlossing. Ons wil sal volkome een wees met sy wil. En daarom

sal die kerk dan self saam met Christus die wêreld oordeel.

Maar ons sal meer as die wêreld oordeel. Ons sal engele oordeel. In die oorspronklike staan daar net engele, sonder die lidwoord. Ons moet in gedagte hou dat indien die apostel Paulus na die gevalle engele in sy briewe verwys, daar altyd 'n aanduiding is dat hy spesifiek van hulle praat. Die apostel Paulus noem die demone nooit net engele nie. Aan die ander kant lees ons in die briewe van Petrus en Judas baie duidelik dat die duiwels ook engele is, maar gevalle engele, engele van Satan.

Wat bedoel die apostel dan hier? Dit kan aanvaar word dat ons die gevalle engele gaan oordeel as ons die wêreld oordeel. Hier is dus van iets groter sprake. Daarom is heelwat gereformeerdes dit eens dat hierdie engele ook op die engele van die lig dui. Dit dui op die hele engelewêreld. Ons sal nie net die gevalle engele oordeel nie, maar selfs die engele van die lig. Daar is nie net een gedeelte van die engelewêreld wat geoordeel gaan word nie. Soos wat die hele mensdom geoordeel word, sal die hele engelewêreld ook geoordeel word.

Dit beteken dat Satan en al sy engele skuldig is en gevonnissen gaan word deur Christus en sy kerk. Maar dat die engele van die lig self ook geoordeel gaan word deur die kerk wat nou saam met Christus regeer. Dié engele wat die kerk so getrou beskerm het en so getrou gearbei het ter wille van die uitverkorenes. Die dienende geeste wat die kerk nimmereindigend gedien het (Heb. 1:14). Wat nooit verslap het nie, wat ook nou rondom ons wag hou. Wat in 'n voortdurende stryd met die duiwels is. Wat in groot gevaar verkeer ter wille van ons. Wie dan beter om hulle te oordeel as diegene aan wie die engele so getrou gearbei het – die Here se kerk? Ja, wie is daar beter om aan hulle erkenning te gee as Christus en sy bruid? Daarom is hulle oordeel ook vir hulle heerlijkheid. Dis die hoogtepunt van hulle selflose arbeid. Dis nie 'n vonnis nie, maar 'n beloning.

En waarom word daar nie 'n lidwoord by engele gebruik nie? Om die kerk se heerlijkheid soveel te meer te beklemtoon. Ons sal die wêreld oordeel, maar ons sal selfs engele oordeel. Die kerk is nie ondergeskik aan die engele nie. Ons is skaars minder as die engele, staan daar in Psalm 8, maar dit dui op hierdie bedeling waarin ons nou verkeer. Daarom word Daniël lam as hy die engel sien en Johannes wil skoon

voor die engel neerval om te aanbid. Die kerk se heerlijkheid is nog verborge, dis nog weggesteek in die wêreld. Maar so groot is die kerk se heerlijkheid dat Christus vir ons gesterf het, selfs vir die engele het Hy nie gesterf nie. Ons word die erfgename van God genoem. Ons word die kinders van God genoem en ons sal saam met Christus as konings regeer tot in ewigheid. Ja, ons sal engele oordeel. Die kerk se heerlijkheid is groter as dié van die engele.

Maar is dit dan ook nie 'n gedagte wat 'n mens tot in jou diepste ruk, dat die engele nooit van ons heerlijkheid vergeet nie? Hulle vergeet nooit nie, hulle arbei getrou aan die kerk. Volkome gehoorsaam aan God dien hulle die uitverkorenes, maar ons vergeet ons heerlijkheid so maklik. Hulle vergeet nie, maar ons beskaam die engele met ons lewens en ons vergeetagtigheid.

Die waarskuwing aan die kerk is dus: Die engele vergeet nie, en julle gaan hulle oordeel, daarom durf julle ook nooit vergeet nie. Het u dalk ook al vergeet? Dit is die rede waarom Paulus vir die Korintiërs vra: Weet julle nie? Dis asof die apostel vra: Het julle dan vergeet dat julle die wêreld en selfs engele gaan oordeel? Het julle dan heeltemal vergeet wie julle is? Het julle vergeet wat julle heerlijkheid gekos het? Hoe kon julle dit vergeet het? En hulle het vergeet, die adellikes het soos die gepeupel geraak. Daarom: die kerk mag nooit in stryd met haar heerlijkheid optree nie. As die kerk haar heerlijkheid vergeet, kan sy erger as die gepeupel word. Dan beskaam sy die engele vir wie sy eendag gaan oordeel.

En dit het alles te sê vir die wyse waarop ons in die wêreld betrokke is. Dan moet 'n gelowige weer werk soos een aan wie die aarde behoort. Ek moet die skepping oppas soos een aan wie die aarde behoort. Ek moet die leuen haat en bestry soos een wat die wêreld gaan oordeel. Ek moet regverdig wees en waarheid liefhê soos een wat saam met Christus gaan regsprek op die oordeelsdag. Die kerk is die ware mensheid. Ons moet die wêreld lei en nie andersom nie.

Daarby moet 'n gelowige egter onderskeie lewe, afgesonderd lewe in die wêreld, want dit kom ons toe om hulle te oordeel. Moet nooit die kerk se verborge heerlijkheid vergeet nie, daardie heerlijkheid wat verwerf is met die bloed van God se Seun. Daardie heerlijkheid wat op die oordeelsdag ten volle geopenbaar sal word! <sup>DK</sup>



# Calvyn en die gebed (3)

## Riglyne vir die opregte gebed

In ons reeks oor die ryke gedagtes van Calvyn oor die gebed, fokus ons graag in hierdie artikel op die riglyne wat hy gee vir die opregte gebed. Calvyn gee in hierdie verband veral vier riglyne, nie om ons in te perk tot 'n bepaalde vorm van gebed nie, maar om ons gesindheid en ingesteldheid aan te dui wanneer ons tot God in die gebed nader.

**1** Eerbied vir God  
Die eerste riglyn om te bid soos dit behoort te wees, is dat ons in ons hart so ingestel sal wees soos dit mense betaam wat hulle voorberei om met die heilige en almagtige God in gesprek te tree. Dit sal ons verkry as ons ons hart losmaak van alle vleeslike sorg en gedagtes wat ons van die suiwere aanskouing van God kan aflei. Ons moet sover dit kan, bokant onself uitstyg.

Hier moet volgens Calvyn veral twee dinge in gedagte gehou word. *In die eerste plek* moet ons ons gedagtes so daarop rig dat ons nie deur afdwalende gedagtes daarvan afgetrek word nie. Ons kan hier dink aan die beryming van Psalm 25, waar ons bid-dend sing: *“Lei my dwalende gedagte.”* Daar moet eerbied wees vir God se majesteit, sodat ons vry van aardse sorg tot Hom kan nader.

*In die tweede plek* moet ons nie meer van God vra as wat Hy ons toelaat om te vra nie. Calvyn verwys hier na 1 Johannes 5:14, waar ons lees (AFR83):

*“En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets VOLGENS SY WIL VRA.”*

**2** Bid uit eie onselfgenoegsaamheid  
Die tweede reël van die opregte gebed is dat ons ons nood reg sal ken en vurig sal begeer om die dinge te verkry wat ons van God bid. Ons bely dit ook in Sondag 45 van ons Heidelbergse Kategismus dat *“ons ons nood en ellende reg en grondig moet ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig”*. Ons mag dus nooit uit gewoonte bid of slegs 'n paar woorde onnadenkend mompel nie.

Dit is wel so dat ons nie altyd deur ewe veel nood gedryf word om te bid nie. Tog bly die woorde van Efesiërs 6:18 altyd van krag dat ons voortdurend moet bid. Daar is byvoorbeeld nie 'n oomblik dat ons nie nodig het om die vergifnis oor al ons sondes ootmoedig af te bid nie. Daarby moet die verlange

na God se koninkryk en sy heerlikheid ons altyd so vervul dat ons gedurig moet bid dat dit sal kom. Die opregte gebed vereis boetvaardigheid. Calvyn verwys onder andere na Jakobus 4:3: *“As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.”*

**3** Ons moet alle hoogmoed laat vaar en nederig tot God nader. Die derde reël vir die opregte gebed is dat ons afstand sal doen van elke gedagte aan eie roem en alle selfvertroue en aan God alleen al die eer sal gee. Ons kan hier dink aan die gelykenis van die Fariiseër en die tollenaar.

*“Die begin en voorbereiding om reg te bid, bestaan dus daarin dat ons met opregte en ootmoedige skuldbelydenis bid dat God ons sondes sal vergewe. Selfs die allerheiligste mens sal niks van God verkry voordat hy/sy nie uit genade met Hom versoen is nie”* (Inst. 3.20.9). Gelowiges ontleen hulle moed om te bid alleen aan die feit dat God barmhartig is. Elkeen wat sy/haar gewete ondersoek, sal sidder om voor God te nader as hy/sy nie op sy barmhartigheid en vergewing vertrou nie.

**4** Vaste hoop op verhooring. Die vierde riglyn is dat ons ’n vaste hoop het dat ons verhoor sal word, natuurlik op grond van die soenverdienste van Christus. Die gebed van die gelowige word dus deur twee dinge gedra. Hy/sy sug onder rampe en vrees vir nog groter rampe, maar neem tog die toevlug tot God sonder om te twyfel dat

Hy bereid is om te help. Ons bid dus in die geloof. Jakobus stel in hoofstuk 1:5 die geloof teenoor die twyfel. *“So ’n gebed is vir God aangenaam wat uit die vermetelheid van die geloof gebore is en op ’n onbeskroomde sekerheid van die hoop gefundeer is”* (Inst. 3.20.12).

Ons moet dus ons gebede sonder twyfel of vrees formuleer, in die vertroue op God se Woord dit waag om Hom as ons Vader aan te roep, aangesien Hy ons waardig ag om hierdie “allersoetste Naam” aan ons te voorsien. Die “algie” Vader sal niemand afwys wat Hy aanspoor om na Hom te kom nie, mits ons dit doen met opregtheid van hart, mishaging van onself, nederigheid en geloof.

Gebede wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie

Calvyn stel dit baie duidelik dat die vier riglyne wat hierbo genoem is, nie so streng opgevat moet word asof God elke gebed sou verwerp waarin Hy geen volmaakte geloof of bekering vind nie. Want die gebede van die gelowiges is nog in baie opsigte onvolmaak, omdat hulle nog sondige mense is.

*“Daar is nie een gebed wat God nie met reg sou moes verstoot as Hy nie die smette vergewe waarmee dit beplek is nie. Maar dit mag vir ons geen rede wees om sorgeloos te wees nie. Nee, ons moet onself bestraf en daarna strewe om die gebreke te oorwin ... Ons moet ... volhard, vas oortuig dat al is daar nog baie hindernisse, ons pogings God behaag en ons gebede vir Hom aangenaam is, as ons maar die volmaaktheid najaag”* (Inst. 3.20.16). <sup>CFCC</sup>

# Johan Retief se reis is nog nie voltooi nie ...


*'n Reaksie op sy boek "Die slegte nuus van die evangelie – my reis na verlossing"*

Die woord "evangelie" beteken letterlik "goeie nuus". As werklike "goeie nuus" het dit oor eeue miljoene individue en talle samelewings positief verander. Die goeie nuus het miljoene mense in 'n lewende verhouding met die enige ware God gestel en van 'n ewige lewe verseker.

Die oudpredikant Johan Retief noem egter dieselfde evangelie "slegte nuus" in sy boek wat pas verskyn het. Die evangelie soos hy dit verstaan het, het nie dieselfde positiewe invloed op hom gehad nie. Vir hom was dit belangrik om daarvan los te kom. Vandaar die titel van sy boek: "Die slegte nuus van die evangelie – my reis na verlossing".

In sy boek beskryf Retief God as 'n idee wat mense uitgedink het. Hy stel dit soos volg op bladsy 253: "Gode, die god van die Ou en die Nuwe Testament inkluis, bestaan net in die verbeelding van diegene wat dit geskep of oorgeneem het".

Hiermee saam verwerp hy die idee dat God as Skepper alles gemaak het en skryf die ontstaan van alles toe aan 'n evolusionistiese proses. Hy betwyfel die sondeval van die mens, asook



die verlossing in Jesus Christus. Hy ontken die Drie-eenheid en Christus se Godwees. Hy sien die Bybel nie as gesagvol nie, maar 'n boek wat deur verskillende invloede ontstaan het.

## Voorveronderstellings

Om 'n in-diepte gesprek met iemand soos Retief te kan hê, moet onder andere gefokus word op sy voorveronderstellings. Bring sy "reis na verlossing", weg van God af, hom werklik by verlossing uit?

Die skrywer van die boek Prediker verduidelik in 12 hoofstukke hoe hy probeer het om betekenis te vind in 'n lewe sonder God – 'n lewe wat net die wêreld wat sigbaar is, erken. Die hartseer (en genadige) slotsom waartoe Prediker telkens kom, is dat *alles dan tevergeefs is* – al die harde werk, al die soek na genot, al die "mooi" dinge wat ons wil nalaat, 'n gejaag na wind is ... futiel ... tevergeefs.

Om vir iemand die logiese konsekwensies van sy idees uit te wys, is een van die maniere om tot 'n persoon te probeer deurdring. 'n Lewe sonder God en sonder verlossing in Christus moet vir hom "slegte nuus" wees, want dan:

- is sy bestaan blote toeval en het sy lewe nie werklik 'n doel nie;
- is die mens se besef van ewigheid vals en bestaan hy nie meer ná hierdie lewe nie;
- is sy idee van wat goed en reg is, en dat hy selfs in die boek verskoning vra, eintlik net hersenskimme – iets wat hy uitgedink het;
- is dit wat betekenis aan sy lewe gee, so tydelik soos die sonsondergang oor die see wat hy en sy vrou geniet;
- rus sy huwelik nie op selfopofferende liefde en omgee nie, maar op eie bevoordeling, op tydelike, selfsugtige bevrediging van eie behoeftes – en moontlik ook om sy genepoel te verbeter tot 'n hoër vlak van ontwikkeling.

*Ateïsme en evolusionisme bevry 'n mens nie*, maar impliseer dat jy 'n slaaf van jou eie idees en drange is – eintlik van jou selfsugtige gene wat jou bedrieg om sekere gevoelens te hê, soos die bekende ateïs Dawkins dit stel.

Die “geloof” dat die hele skepping en spesifiek ons as mense per ongeluk ontstaan het, en dit nogal uit 'n onbeheerste ontploffing wat lukraak alles laat ontstaan het, *maak nie sin nie en gee ook nie sin aan ons lewens nie*. Ateïste word op grond van hulle voorveronderstellings gedwing om *hulle bestaan te reduceer tot toevalligheid en natuurwette*, as hulle konsekwent wil wees.

Mense soos Retief kan op die statisties onbeduidende “kans” gewys word dat lewe en spesifiek ook intelligente menslike lewe vanself ontstaan het uit natuurwette. *Natuurwette is buitendien nie iets wat skeppend optree nie, en ook iets wat iewers vandaan moes gekom het*.

Hy verwerp die idee van intelligente ontwerp (sien bv. die webtuiste van die *Discovery Instituut*), maar gee in die paar bladsye wat hy aan evolusionisme as sogenaamd wetenskaplike oplossing bestee, nie 'n behoorlike alternatief nie.

Diegene wat soos Retief glo, moet besef dat *evolusionisme die mens se lewe vervlak tot oorlewing (“survival of the fittest”)*. Dit is so anders as die *verlossende besef dat ons deur God op aarde vir 'n doel geplaas is*, en dat ons juis vervulling vind as ons aan dié doel beantwoord en die verskil en impak maak waartoe ons geroep is. Die woord “sonde”, waarvan soveel ateïste die mensdom wil bevry omdat dit “religieuse depressie” sou veroorsaak, beskryf juis dat die mens sy doel mis.

Vrae

Retief se self-uitgedinkte pad na verlossing bring hom by 'n evolusionistiese kyk na die wêreld uit. Hy beklemtoon in sy boek die rasonale vermoëns van die mens waardeur hy by antwoorde moet kan uitkom.

In gesprek met mense soos hy, wat redenering hoog ag, kan dit goed wees om van die volgende vrae te vra:

- Hoe kan niks ontplof en alles skep?
- Veronderstel die oerknal-ontploffing, wat “materie” en “energie” daar sou stel, nie alreeds materie en energie nie?
- Waar kom die natuurwette, wat alles skeppend sou gevorm het tot 'n fyn uitgewerkte heelal, vandaan?
- Wat is die doel en sin van ons lewe as ons bloot 'n toevallige produk van atome en molekules is?
- Hoe kan iets reg of verkeerd wees as alles maar net idees van mense is?
- As die lewe gaan oor jou en jou oorlewing, vra 'n mens net verskoning vir iets as dit tot jou voordeel is. Tog wil 'n mens glo dat Retief bedoel wat hy sê as hy verskoning wil vra vir iets wat hy verkondig het as predikant wat hy nou glo verkeerd is. Indien hy dit dus ernstig bedoel, moet hy tog dink dat alles nie net subjektief is nie, maar dat daar regtig met omgee normatief gehandel moet word. Maar waarop berus sy norme, sy gevoel dat ek nie iemand te na moet kom nie, selfs ten koste van myself en my oorlewing?


Geloof in evolusie, gebaseer op selfsug en oorlewing, *kan nie altruïsme en opofferende liefde vir ander verklaar nie*.

Die Christelike godsdiens gee daarteenoor soveel insig in die mens as morele wese wat as skepsel en beeld van God, offer en opoffering verstaan. <sup>DK</sup>

*(In die volgende uitgawe: Antwoorde op hierdie vrae.)*

Milaan Thalwitzer

(lidmaat en jarelange ouderling van GK Laeveld en die grootste privaat sitrusboer in die land)



# Om boer te wees – *In U Lig*

**D**ie oudste beroep op aarde is dié van boerwees. Adam was die eerste boer. Ná die verbanning uit die paradys het die Here vir die mens gesê: “Die grond (is) deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef. Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond, want daaruit is jy geneem” (Gen. 3:17, 19, AFR2020). Maar danksy die genade van ons Here is landbou en boerwees ’n edel beroep. Abraham, Isak en Jakob was die eerste mega-boere waarvan die Bybel vertel. Die ekonomieë van vroeë volke was ten volle op boerdery toegespiets.

Geroep en geseën deur die Here  
Die verantwoordelikheid om die wêreldbevolking te voed, berus by die boer. Dis ’n opdrag wat ons Hemelse Vader aan die boere gee: om kos vir almal te produseer.

Daar is tans sowat 7,5 biljoen mense op aarde wat gevoed moet word. Suid-Afrika se bevolking is na raming sowat 60 miljoen mense, waarvan ongeveer 65% van bestaansboerdery afhanklik is. Daar is tans slegs 32,000 kommersiële boerdery-eenhede in Suid-Afrika. 80% van Suid-Afrika se totale landbouproduksie is afkomstig van tussen 5 000 en 7 000 kommersiële boerdery-eenhede. Suid-Afrika is geseënd om, ten spyte van droogtes, ander natuurrampe en belemmerings, aan al die voedselbehoefte van die bevolking te kan voorsien. Groot hoeveelhede voedsel word vanuit Suid-Afrika uitgevoer. In 2021 was dit R178,107 miljard se voedsel. Suid-Afrika is ’n aardse Kanaän. Dit is ’n gawe van die Here. “Dit is U wat gras laat groei vir die vee en plante vir die mens om te verbou, en voedsel uit die aarde voort te bring” (Ps. 104:14, AFR2020).

Afhanklik en verantwoordelik  
Die klimaat is die grootste uitdaging vir die boer. Dis ’n faktor wat ten volle onder die beheer van ons Hemelse Vader is en dit skep ’n gevoel van diepe afhanklikheid teenoor ons Skepper. Natuurrampe soos droogte, haelstorms en vloede kan ’n boerdery in een seisoen geheel en al uitwis. Klimaatsverandering is ’n uitdaging en bedreiging vir ons almal op aarde. Siektes en plaë bly steeds ’n groot bedreiging.

Suid-Afrika is ’n dor land. Die gemiddelde reënval is 495 mm per jaar teenoor die wêreldgemiddeld van 860 mm. Dit maak dat landbou uiters afhanklik van water vir besproeiing is. Daar word voorspel dat ’n tekort aan skoon water ’n wêreldwye krietiese probleem gaan wees teen die middel van hierdie eeu. Verouderde infrastruktuur, die impak van klimaatsverandering en toenemende besoeiding van beskikbare water vererger die situasie. Benewens kragvoorsiening kan gebrek aan voldoende water die volgende katastrofe in ons land word. Geen nuwe opgaardamme word gebou nie. Die uitdagings word nie aangespreek nie.

Goeie bestuur en beplanning bepaal die sukses van enige onderneming. Die boer moet met kundigheid sy sake bestuur. Goedkoop en onoordeelkundige finansiële besluite, gegrond op emosie en swak dissipline, het menige boer al gedompel in die dieptes van bankrotskap. Die onmisbare element van elke boer se besigheid moet integriteit wees. As die besigheid “’n goeie naam” het, word alles makliker. Daar moet met geloof daaraan gewerk word. Dis wat die Here van ons verlang, en dis die seëninge wat ons deel sal word as ons na Hom luister: “Geseënd sal jy wees in die dorp en geseënd sal jy wees in die

veld. Geseënd die vrug van jou liggaam, die vrug van jou grond en die vrug van jou diere – die aanteel van jou beeste en die aanwas van jou kleinvee. Geseënd jou mandjie en jou knieskottel” (Deut. 28:3-5, AFR2020).

#### Grondbesit en grondhervorming

Grondhervorming is tans die grootste politieke uitdaging vir boere. Alle grond behoort aan ons Hemelse Vader. Hy sê: “... aan My behoort die grond. Ja, julle is vreemdelinge en bywoners by My” (Lev. 25:23, AFR2020). Die boer is slegs ’n rentmeester van ons Hemelse Vader se grond.

Grond het egter ’n politieke speelbal in ons land geword. Die dreigende onteiening sonder vergoeding het boerdery-inisiatief lamgelê. Die verantwoordelike boer sal saamstem dat almal die reg het om grond te bewerk en te bewoon. Gemeet aan die Skrif is grondhervorming in Suid-Afrika geregverdig en noodsaaklik. Daar is ’n groot welwillendheid onder boere om die ongelyke verdeling en gebruik van grond reg te stel. Daar is reeds goeie vordering met grondhervorming gemaak. 82 295 restituisie-eise is afgehandel en 6 907 is nog uitstaande. 2.2 miljoen burgers en 444 057 huishoudings is daardeur bevoordeel.

#### Politieke onstabieleit

Binnelands het die verwoestende gevolge van wanbestuur deur ons regering ’n oneindige negatiewe impak op ons boere. Swak dienslewering deur munisipaliteite, kragonderbrekings, haglike toestand van paaie, agteruitgang van infrastruktuur en poskantore wat toemaak is vernietigend vir die landbou.

Dit is in hierdie omstandighede wat die boer ons Hemelse Vader vra om te help – dan kom die “LIG” vir die boer. Maak ’n paradigmaskuif, bou jou eie sonkragstasie, stig ’n korporasie en maak self die pad reg. Staar saam en word sover moontlik onafhanklik van die owerhede. Swaarkry maak sterk.

Daar is alternatiewe om sonder die regering oplossings te vind. Volhard net in die geloof en pak self nuwe projekte aan. Wat kon meer vernietigend wees as die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902? Die landbou was totaal uitgewis. Indien ons die groot depressie wat in 1929 begin en tot in die laat 1930’s voortgedoed het, vergelyk met die hede, het ons nog baie om voor dankbaar te wees.

Buitelands het die oorlog in die Oekraïne voedsel-sekerheid oor die hele wêreld verwing. Verdere naslepe van die oorlog is aansienlike logistieke probleme met verspreidingsnetwerke, beskikbare houers en verskeping van produkte, met gevolglike groot stygings in koste. Hierdie is nuwe uitdagings vir boere.

Die menslike vraag is: “Hoe kan ons Hemelse Vader dit toelaat?” Die Bybel leer ons dat alles ten goede meewerk vir dié wat op Hom vertrou. Waarom dan wanhoop? Beplan en doen wat gedoen moet word – God sal voorsien.

#### Die siel van die boer

Om ’n boer te wees, is ’n geloofsberoep. Die boer moet met geloof en vertrou sy beroep beoefen. Sukses verg die volgende vyf dinge:

- Dankbaarheid in voorspoed en geduld in teëspoed.
- ’n Positiewe uitkyk. Die negatiewe boer gaan verdwyn.
- Deeglike finansiële en produksiebeplanning.
- Harde en volgehoue werk.
- Waagmoed met vertrou in die Here.

“Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei” (1 Kor. 3:7, AFR2020) Ons moet ons gereed maak vir die nuwe aarde en die nuwe hemel waar geen mot of roes verniel nie, deur menslik gesproke nou reeds in die hiernamaals te boer, onder die Lig en Wil van ons Hemelse Vader. <sup>DK</sup>

2014-SA Boer van die jaar, by sy vrou Antoinette.






Dr. MN Hermann (Marthinus)

(Uit die boek: "Gekroon tot diens - Bybelse beginsels en riglyne vir bestuur", 2012, Griffel Uitgewery, Kaapstad)

# Gekroon tot diens (2)

*Die dryfveer van 'n onderneming se bestuur  
en bestuurders*



**W**at is die dryfveer van 'n onderneming se bestuur en bestuurders? Waarom word daar dikwels so hard gewerk? Waar kom die vele vroeë oggende vandaan, die laat nagte, uiterste spanning, uitermate uithuisigheid, soveel gesinne wat verwaarloos word? Waarom is daar die oormatige gejaag na prestasie, hoë slaagsimbole, top sportspanne? Oor die algemeen is dit die strewe na eer, wins en erkenning wat mense voortdryf.

#### Die winsmotief

By besighede is die winsmotief saam met aandeelwaarde en groei gewoonlik oorheersend. Daar is egter heelwat tegnieke wat soms gevolg word om wins in 'n bepaalde jaar te manipuleer en ook genadelose druk om groeiende winste te verseker. Dit geskied dikwels ten koste van personeel en verskaffers van grondstowwe en ander insette. Die onderhoud van bates en produkgehalte bly ook soms in die slag, asook etiese en morele norme en waardes.

#### Genadelose drywer

Wins is 'n werkgewer sonder genade. Daar word aanvaar dat diensorganisasies minder produktief is, omdat wins as maatstaf en dryfveer nie daar geld nie. Dit geld tewens vir enige instelling wat fondse ontvang om te bestee, maar dit nie self genereer nie.

Maatskappyhoofde en entrepreneurs word as invloedryk beskou, natuurlik as hulle suksesvol is. Dit is veral so wanneer sulke bestuurshoofde goeie winste maak en veral sigbare tekens van ryk-

dom vertoon, soos luukse wonings en strandhuise, wildplase, duur motors, en hulle gades ongeërg verwys na gereelde Afrika- of oorsese vakansies.

#### Gesond én ongesond

Wins, rykdom, eer en die versamel van besittings is uiteraard nie verkeerd nie. Dit is gewoonlik beloning vir vermoë, die neem van risiko's en harde werk. Daarby skep dié persone se koopkrag werksgeleenthede vir baie mense. Die voortdurende groei van hierdie sakemense se besighede bevoordeel ook ander mense. Aan die ander kant is die konsentrasie van rykdom in 'n klein groepie mense of 'n minderheidsgroep uiteraard nie gesond nie. Dit skep sekerlik ook afguns en weersin en kan lei tot opstande, stakings en selfs revolusie.

Dit is reeds genoem dat die winsdryfveer in die kapitalistiese stelsel sentraal staan. Persoonlike verryking is ook in ander stelsels aanwesig (en soms sentraal), maar net meer bedek. In sulke stelsels is dit partykeer die burokrate, misdaadbase en die "war lords" wat die room afskep. *Wins met rykdom en eer as neweprodukte, en soms net eer, is in ons hedendaagse wêreld die hoofdryfveer van mense, ekonomieë en politieke stelsels.*

#### 'n Veel meer sinvolle dryfveer

Soos ons reeds genoem het, kan die generering van wins as sodanig nie verkeerd wees nie. Trouens, dit is in besighede uiters noodsaaklik. Nogtans is dit duidelik verkeerd as dit die eintlike of hoofdryfveer is. Dit is immers dan waar dat diensorganisasies, soos staats- en semi-staatsinstellings noodwendig swakker *moet* presteer, wat nie regtig so vanselfsprekend is nie. Uit 'n Bybelse oogpunt moet wins en prestasie slegs 'n neweproduk van 'n veel meer sinvolle dryfveer wees.

Dit is eintlik baie eenvoudig, want dit behels die dryfveer, die "waartoe" van elke Christen se lewe – *die eer van God*. As dit oor die eer van ons hemelse Vader gaan, sal diensorganisasies en alle nie-winsgewende instellings nie noodwendig swakker presteer nie.

Alles wat ons doen, moet daarom nie vir onself wees nie, nie vir ons wins, ons eer, ons rykdom, ons geluk, ons ewige redding nie. Hier gaan dit veel eerder oor die eer van ons Skepper. Dit is Hy wat altyd met ons is, wat ons bewaar, ons lei en aan ons talente gee (vgl. Matt. 25:14-30). Hy het sy lewe vir ons gegee en daardeur aan ons die saligheid, "wyn en melk", geskenk – verniet, *sonder geld en sonder prys* (Jes. 55:1).

#### 'n Dankbaarheidslewe

Ons lewe is dus een van dankbaarheid. Ons werk, presteer en bestuur nie om vergoeding of eer te ontvang nie. Ons presteer omdat ons reeds ontvang het. Wanneer ons 'n lewe tot eer van die Here lei, 'n lewe van dankbaarheid, maak dit nie saak of ons vir die staat werk, of 'n eie

besigheid bestuur, of 'n maatskappydirekteur is of nie is nie. Ons gebruik ons talente met volle oorgawe *om God te eer*, want Hy roep ons, Hy stuur ons. En ons gaan, ons doen en *ons werk uit dankbaarheid*.

Weens menslike swakheid maak ons gebruik van allerlei, soms hoogs ingewikkelde, aansporingsmaatreëls, soos aandele-opsie-skemas, winsdeling of prestasiebeloning. Ideaal gesien, hoef hierdie maatreëls nie nodig te wees nie en laat ons maklik ons ware dryfveer vergeet. Hierdie bykomstige vergoeding het begin om by topbestuurders buitensporige bedrae van baie miljoene rande te haal. Dit het al meer 'n statussimbool geword, wek toenemend weerstand en het waarskynlik 'n kernrol gespeel in die wêreldwye ekonomiese en finansiële probleme van ons tyd.

Aan u Naam die eer

Die Bybel is vol van die grootsheid van die eintlike dryfveer, veral die Psalms is vol daarvan, vol lofprysing, dankbaarheid en eerbetoon, byvoorbeeld Psalm 9:3, Psalm 19:2, Psalm 66:1-2, Psalm 96:1, 3, Psalm 115:1. So klink die lofliedere weer en weer, oor en oor.

Daar is egter ook baie wanklanke. Van die meer as 40 konings van Israel en Juda word net van 11 gesê dat hulle volgens God se aanwysers of geboie geleef en sy pad gevolg het. Dit is daarom nie verbasend as die grootste gros van die grotes van ons wêreld verval in die moderne afgodsdienste van eie eer, eie belang en geldsug nie. Dit was deur die tye so. Die wyse Salomo, wat uiteindelik self in afgodery verval het, sê: *Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste* (Spr. 3:9). Hoeveel welgesteldes, magtiges en beroemdes is naastebly hieraan gehoorsaam?

Kies 'n ander soort wins

Jesus sê, na aanleiding van die ryk jongman se vraag, vir sy dissipels: *Voorwaar Ek sê vir julle ... dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan* (Matt. 19:23-24). Rykdom of wins moenie 'n groter dryfveer wees as die eer van God nie, want dan raak jy só verknog daaraan dat dit jou totaal oorheers (lees ook Joh. 7:18). In die brief aan die Filippense verwys Paulus na 'n ander soort wins: *Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins* (1:21). Paulus ruk ons daarna uit ons verslawing aan onself, ons gejaag na wins en eer en prestasie as hy sê: *Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel wat voor oë is om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus* (3:14).

Wat bestuur betref, is ons in 'n wedloop betrokke. Ons ding mee met opposisie-groepe, met ander skole, dorpe of lande. Ons wil groei, ons wil ons produktiwiteit verhoog. Ons wil winste lewer of prestasie behaal.

Waarom? Waartoe? Ons doen dit uit dankbaarheid tot eer van ons hemelse Vader wat aan ons die vermoëns gee, tot verheerliking van sy Naam, met ons oog gevestig op dié Leidsman, dié Bestuurder en Offer. Ons eer en aanbid Hom wat voor loop en so diep gely het.

Hierdie dryfveer werp 'n heel ander lig op bestuur se planne, mikpunte, oordeel, maatstawwe, optredes en reaksies. Wins, eer en eie belang kom nou tweede. Hierdie veel meer sinvolle doel gee immers aan die dinge wat ons doen, 'n dieper perspektief. Dit inspireer nie slegs bestuur, bestuurders en leiers en hulle ondergeskiktes en volgelinge nie, maar bied ook vastigheid, vertroue en rustigheid. Uiteindelik lewer dit verdedigbare en selfs groter en veral meer volhoubare wins. <sup>DK</sup>



Dr. Wymie du Plessis (Potchefstroom)

## Sinodeskatte – 6

# SINODE 1876



In die Voorwoord van die Handeling van 1876 lees ons van die verskillende sake wat op die Sinode bespreek is. Soos die Kommissie wat die Handeling saamgestel het, self skryf: “Werd er gehandeld over de Leer, Godsdienst en Kerkregeering; altoos heeft dat beginsel – naar Gods wet en getuigenis – of met algemeene stemmen gezegevierd. Zoodat wij in dezen ook meenend te mogen zeggen: Het heeft ons en den Heiligen Geest goedgegacht Aldus en alzoo te besluiten.”

Soos by die vorige sinodes was die onderwys vir die jeug ’n ernstige saak vir bespreking en het die Sinode besluit dat die kerk moet sorg vir die skool – “het onderwys der jeugd is zeker de dierbaarste zaak; zij mag dan ook de duurste zijn”.

Die saak van opleiding van broeders by die Teologiese Skool, asook die aanstelling van voltydse professore, is bespreek. Gemeentes word opgeroep om mildelik by te dra vir die versorging van die professore en opleiding van studente.

Oor die gestigde “weduwenfonds” word teruggerapporteer en ’n kommissie word weer benoem om die finansiële aangeleenthede te hanteer. Die Sinode moedig ook gemeentes aan om aandag aan die saak van sending te skenk: “Moge dat werk ook nog eens door onze Kerk meer algemeenen van wege de Synode kunnen behartigd worden met lust en liefde!”

Hierdie Sinode is gekenmerk dat daar 57 beskrywingspunte gehanteer is wat onder andere gehandel het oor:

- Mag ’n pa en seun tegelyk in ’n kerkraad dien
- Beroeping van ampsdraers

- Geestelike versorging van trekkers na Ovambo land
- Prosedure van hou van vergaderings
- Vasstel van vorms van attestasie
- Predikante en finansies

Dan word ook deur die Kuratore bekend gemaak dat daar weer drie broeders tot proponent “bevoorgerd zijn”. “Mogen dezen ook eens geplaast zijn, dan zoude de getal predikanten al twaalf uitmaken.” Die aantal gemeentes het ook gegroei en so ook die lidmatetal.

“O, mocht met den groei ook de bloei gepaard gaan! Ja, dit is het wat wij vooral wenzen en bidden. En moge God daartoe rijkelijk uitstorten Zijnen Heiligen Geest! Zonder welken er geen leven noch vruchtbaarheid kan zijn. Laat ons daarom volharden in het bidden en smeeken met de vrouwen en kinderen samen” (Hand. 1:14). <sup>DK</sup>


### OM MEER OOR SINODEBESLUITTE OP TE LEES:

Ek wil graag ’n pasvoltooid projek aan jou bekendstel: GKSA Acts of the Synods / GKSA Handeling van die Sinodes. Al die Handeling van die Sinodes is geskandeer, en jy kan die volledige teks van al die Handeling kry by <https://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/theology/synod.html>

Die Handeling van 1862-1997 is ook geïndekseer – wat beteken dat jy ook met ’n woord of onderwerpe inligting kan opsoek.

Handeling ná 1997 is slegs in PDF-formaat beskikbaar – soek, dan +f en dan die spesifieke woord intik waarna jy soek.

– Wymie du Plessis



## GEREFORMEERDE ONDERWYS

# HOEKOM? (4)

Tot dusver het ons in die vorige artikels gesien dat die kweek van 'n gereformeerde wêreldbeskouing noodsaaklik is, en dat die ouers primêr verantwoordelik is vir die opvoeding van die kinders, maar dat hulle twee hulpmiddele ontvang het, naamlik die kerk en die skool.

Vervolgens wil ons spesifieke vrae rondom gereformeerde onderwys wat gereeld opduik, beantwoord. Daar moet natuurlik in gedagte gehou word dat aspekte van skool tot skool kan verskil, maar die breë beginsels sal steeds dieselfde bly.

**1** 'n Gereformeerde skool se skoolfonds is meer as die ander skole in die omgewing. Moet ek nie maar net my kinders na die naaste goedkoper skool toe stuur nie?

Die ekonomiese realiteit is ongelukkig baie maal 'n struikelblok vir mense wat hulle keer om hulle kinders in gereformeerde skole te sit. Dit is so dat gereformeerde skole gewoonlik kleiner is as staatskole, en minder (of geen) staatsubsidies ontvang nie, wat lei tot hoër skoolfondse. Meeste gereformeerde skole ontvang egter wel fondse van gemeentes, en sommige het selfs hulpfondse of beurse om gesinne by te staan waar nodig. Die finansiële rede moet egter nie die hoofrede wees waarom 'n skool gekies word nie. Verder moet sogenaamde appels met appels vergelyk word: baie maal is die skoolfonds slegs een aspek van die totale koste van onderwys. Maak seker hoe vergelyk die totale kostes teenoor mekaar, en baie maal sal dan gevind word dat die prysverskil nie so baie is nie, of dat die gereformeerde skool se kostes laer is as dié van die staatskool.

**2** Word kinders by 'n gereformeerde skool nie ten nadele beskerm teen die wêreld nie? Ons moet mos nie wegkruip van die wêreld nie?

Gereformeerde onderwys kruip nie weg vir die wêreld nie, en die doel van gereformeerde onderwys is nie om ons kinders teen die wêreld te beskerm nie. Sulke beskerming is wel een van die voordele van gereformeerde onderwys. Net soos wat ek 'n klein boompie wat pas geplant is, nie in die volle son los nie, maar hom beskerm en skaduwee gee totdat hy groot genoeg is, so het ons kinders besondere beskerming en beskutting nodig terwyl hulle jonk is. Gereformeerde onderwys se doel is om kinders in 'n verhouding met die Here op te voed, 'n verhouding wat nie beperk is tot Sondag nie, maar wat elke aspek van ons lewens deursypel.

**3** My kind leer mos van die Here by die huis en die kerk. Hoekom moet hy nog by die skool ook van die Here leer – die skool se fokus is mos op akademie, sport en kultuur?

Die Here regeer ons hele lewe. Dit is slegs in die lig van Here se Woord dat kennis enigsins begin sin maak (Spr. 1:7). Akademie kan dus nooit losstaan van die Here nie – dit is immers Hy wat die wiskundige reëls ingestel het, die geskiedenis rig, die

mense met ons tale geskep het en steeds onderhou, en wat selfs vir ons die beginsels gee oor hoe om besigheid te bedryf.

**4** Dis nie vir my kind nodig om al die kerk se dogmas op skool te leer nie. Hoekom moet hy dan na 'n gereformeerde skool toe gaan?

'n Gereformeerde skool se doel is nie om die kerklike dogmas aan kinders te leer nie. Die vakinhoud sal wel vanuit sekere dogmatiese beginsels opgestel word, maar die leerstellings van die kerk self (bv. die inhoud van die Heidelbergse Kategismus) word normaalweg nie in gereformeerde skole hanteer nie. Wat die gereformeerde skool wel doen, is om die Bybel, soos uiteengesit in ons belydenisskrifte, die fondament van alle vakinhoud te maak, want sonder die lig van God se Woord bly ons kennis duister.

**5** Ek is bang dat my kind nie al die geleenthede kry wat hy andersins sou kry by 'n staatskool nie. Wat doen die gereformeerde skool daaraan?

Dit is so dat gereformeerde skole baie maal kleiner is as staatskole. Dit beteken egter glad nie dat die kinders in daardie skole hoef terug te staan vir kinders in staatskole, of dat daardie skole beter geleenthede bied nie. As ons daardie argument tot sy logiese konklusie wil neem, sal ons almal verplig moet wees om ons kinders in die heel duurste privaatskole te sit waar hulle die meeste “geleenthede” sal kry. Die fokus in staatskole is normaalweg om die kind te help om sy/haar beste potensiaal te bereik. Dit klink edel en reg. Die klem by gereformeerde onderwys is egter anders, naamlik om die kind te help om sy/haar Godgegewe talente tot eer van die Here te gebruik – vergelyk die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30). Daar is dus 'n verskuiwing in klem, wat dalk klein mag lyk, maar tog baie belangrik is.

Gereformeerde skole kom al baie jare – enkele is al meer as 40 jaar oud. Oor daardie tyd het baie kinders deur die skole beweeg, en telkens mag mens God se seënende hand op die skoolopvoeding sien. Oor die algemeen staan dié kinders nêrens terug vir ander kinders nie. Inteendeel, hulle is normaalweg beter toegerus om die aanslae van die wêreld te herken en te weerstaan, juis omdat hulle opvoeding op die vaste fondament van die Woord berus. Indien u verder wonder, vra gerus u naaste gereformeerde skool vir 'n gesprek, of gesels met ouers wie se kinders in 'n gereformeerde skool is of was. <sup>DK</sup>

### Projek Skoolskoen



Midstream Fameliekerk het 172 pare skoene aan die TOIBO-skole geskenk. 'n Wonderlike gebaar nou dat die winter in alle erns toegeslaan het.

### Projek Warmlyfie



**Baie dankie** aan NHKA Gemeente Hartebeeshoek vir die skenking van 'n groot hoeveelheid gebreide truië, musse en handskoene aan Transoranje-skool. Vlnr: Andries Pretorius, Evelene en Hans van der Merwe.

## Onthou!

Finansiële bydraes is aftrekbaar van belasting. Vra vir jou artikel 18A-kwitansie.



**Baie dankie** aan Hanlie Pretorius en haar breigroep vir die skenking van gebreide items. Vlnr: Arina Jooste en Andries Pretorius.



PROJEK WAARDIGHEID



Die Gereformeerde Kerk Durban-Noord se Sustersvereniging bederf blinde en swaksienende leerders met toiletware, skryfbehoeftes en lekkernye wat hulle in skoendose verpak het vir verskillende ouderdomsgroepe. Baie dankie vir die verskil wat julle gemaak het.

### Geagte Dominee

Ons kon weer die afgelope maand individue se OMGEE-harte ervaar. Al hierdie skenkings gaan 'n groot verskil maak in kinders se lewens. Namens elke kind wat daardeur bevoordeel gaan word - baie dankie!

**Bankbesonderhede**  
ABSA  
Rekeningnr:  
020 840 145



**Dankie**  
vir al jou omgee

## GEREFORMEERDE TEOLOGIESE WERKGEMEENSAP JAARLIKSE KONFERENSIE 2022

In verskeie wêrelddele ervaar die bediening van die kerk 'n aantal uitdagings. Dit sluit in 'n afname in lidmaatgetalle, 'n afname in die geloofsverbintenis van lidmate, sosio-ekonomiese verskuiwings binne bedieningsomgewings, die invloed van groeiende sekularisasie, finansiële beperkings en die gevolge van 'n wêreldwye pandemie. Baie van hierdie uitdagings word ook binne Gereformeerde bediening in Suid-Afrika ervaar. Soos met alle uitdagings, bevat hierdie uitdagings ook verskeie geleenthede vir bediening in die moderne konteks. In die lig hiervan nooi die Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap jou uit na 'n konferensie oor:

### GEREFORMEERDE BEDIENING VANDAG: IMPAK, UITDAGINGS EN GELEENTHEDE

In aansluiting by die oorhoofse tema is die subtemas van die konferensie:

1. Toepaslike prediking
2. Worsteling met sekularisme
3. Die gebruik van tegnologie tot voordeel van die bediening
4. Bediening van alle mense in die moderne konteks
5. Doeltreffende pastorale werk wat op spesifieke groepe fokus (bv. die jeug, enkellopendes, bejaardes)
6. Voortgesette teologiese opleiding
7. Die behoefte aan Christelike dienende leierskap

**Datum:** 27 September 2022  
**Plek:** Teologiese Skool Potchefstroom / Aanlyn  
**Koste:** In persoon: R300 (sluit verversings en middagete in)  
Aanlyn: R100  
**Program:** Word nader aan die konferensiedatum gepubliseer

Hiermee word jy vriendelik uitgenooi om aan die Jaarlikse Konferensie deel te neem hetsy as 'n bywoner en/of spreker. Vir diene wat belangstel om 'n referaat oor een van die subtemas van die konferensie te lewer, dien asseblief 'n voordrag-opsomming in by Albert Coetsee ([albert.coetsee@nwu.ac.za](mailto:albert.coetsee@nwu.ac.za)) voor 30 Junie 2022. Die doel is om 'n seleksie van hierdie referate in *In die Skriflig* / *In Luce Verbi* te publiseer.

Om vir die konferensie te registreer, stuur asb. jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe ([mohau.ntlhe@nwu.ac.za](mailto:mohau.ntlhe@nwu.ac.za)) voor 31 Augustus.


Rekeningnaam: In die Skriflig  
Bank: ABSA  
Tak: 632005  
Tjekrekeningnommer: 670411664

Ons is vol vertroue dat die konferensie sal lei tot die versterking van Gereformeerde bediening in Suid-Afrika. Ons sien daarna uit om jou daar te sien.

Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap Bestuur



## Lief en Leed



### DOODSBERIGTE

**Dr. Petrus Krüger**, emerituspredikant van GK Kuruman, is op 18 Julie 2022 oorlede. In lewe was dr. Krüger die predikant van GK Koperstreek 1962-1965, GK Zastron 1965-1968, GK Uitenhage 1968-1982 en GK Kuruman 1982-2001.

### Gelukwense aan ...

- Ds. Christo en Griet Swanepoel van GK Lyttelton met die geboorte van hulle eerste kleinkind, Mia.
- Ds. Regardt en Rienkies Venter van GK Krokodilrivier met die geboorte van 'n kleindogter.
- Mev. Erina Bain, weduwee van ds. Jan-Louis du Plooy (GK Potchefstroom-Die Bult) met die geboorte van 'n kleinseun.
- Ds. Sipho en Fikile Phungula van die Reformed Family Worship Church in Richmond, KZN, met die geboorte van 'n kleindogter.

### Simpatiebetuiging aan ...

- Ds. Gustav en Ina Opperman, emeritusegpaar van GK Matlabas, met die afsterwe van hulle skoonseun.
- Dr. Edmund en Corrie de Beer van GK Laeveld met die afsterwe van sy vader.
- Dr. Kwena en Louisa Semenya van GK Diepsloot met die afsterwe van sy broer.
- Mev. Charlotte Ligthelm, weduwee van ds. NW (Nico) Ligthelm van GK Pretoria-Alkantrant met die afsterwe van haar broer (in April) en suster (in Julie).

### Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore met hulle verjaardae in Augustus

- 3 Augustus: Ds. D Kotzee (Dirk) – GK Pretoria-Alkantrant  
5 Augustus: Ds. CA Jansen (Carel) – GK Secunda  
7 Augustus: Dr. AJ Krüger (Braam) – GK Benoni  
8 Augustus: Ds. AF Berg (Fenmo) – GK Pongola  
17 Augustus: Ds. DJA Booyens (Danie) – GK Koster

20 Augustus: Ds. FR Pretorius (Franscois) – GK Phalaborwa

21 Augustus: Ds. MP Modise (Paul) – GK Kagiso

24 Augustus: Ds. AP Kruger (Abraham) – GK Wolmaransstad

25 Augustus: Dr. ALA Buys (Wikus) – GK Innesdal

26 Augustus: Ds. HV Venter (Henning) – GK Windhoek

31 Augustus: Ds. HL Stavast (Henk) – GK Nylstroom

### Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti/emertuseggenotes/-weduwees met hulle verjaardae in Augustus

2 Augustus: Ds. PJ van den Berg (Paul) – GK Centurion

2 Augustus: Ds. AH Stavast (Arie) – GK Kroonstad/Pretoria

3 Augustus: Mev. S Kruger (Suzette), eggenote van ds. LM Kruger (Lourens) – GK Uitenhage

3 Augustus: Mev. ES Hibbert (Elsie), eggenote van ds. S Hibbert (Simon) – GK Koster

5 Augustus: Prof. MM Verhoef (Marlene), eggenote van ds. GC Verhoef (Awie) – GK Wierdapark

5 Augustus: Mev. M van't Zand (Melinda), eggenote van ds. D van't Zand (Dirk) – GK Witpoortjie

6 Augustus: Ds. LJ van der Merwe (Lood) (94) – GK Postmasburg

6 Augustus: Mev. CF Ligthelm (Charlotte), weduwee van ds. NW Ligthelm (Nico) – GK Pretoria-Alkantrant

7 Augustus: Prof. HF van Rooy (Herrie) – TSP

8 Augustus: Ds. DC Coetsee (Chris) (87) – GK Noordrand

8 Augustus: Ds. GNV Botha (Nico) (83) – GK Randburg

9 Augustus: Ds. CJ Nagel (Cornel) – GK Messina

11 Augustus: Mev. H Coetzer (Riekie), eggenote van ds. AL Coetzer (Dries) – GK Vereeniging

11 Augustus: Dr. MJ du Plessis (Thinus) – GK Bellville

11 Augustus: Mev. E de Kock (Elfie), eggenote van ds. SD de Kock (Vasie) – GK Potchefstroom-Suid

12 Augustus: Prof. F Denkema (Faan) (85) – TSP

13 Augustus: Mev. P Opperman (Ina), eggenote van ds. G Opperman (Gustav) – GK Matlabas

15 Augustus: Mev. ML du Plessis (Louise), eggenote van ds. JB du Plessis (Jan) – GK Grootfontein

16 Augustus: Mev. MM Serobatse (Margaret) (80), eggenote van ds. TO Serobatse (Thobatsi) – GK Ika-geng

16 Augustus: Mev. CE Schutte (Elsa), eggenote van ds. JA Schutte (Johan) – GK Sasolburg

17 Augustus: Mev. H Enslin (Hester) (82), weduwee van dr. PJJS Enslin (Pieter) – GK Centurion

17 Augustus: Mev. AM Bogaards (Marianne), eggenote van dr. AH Bogaards (Attie) – GK Pretoria-Rooiwal

18 Augustus: Mev. SJ Grobler (Susan), weduwee van ds. CS Grobler (Fanie) – GK Stellenbosch

21 Augustus: Mev. SMM Jordaan (Santie), eggenote van ds. JH Jordaan (Johan) – GK Vereeniging

22 Augustus: Mev. CC Venter (Corrie), weduwee van ds. HJ Venter (Herman) – GK Pongola

22 Augustus: Dr. RM Britz (Dolf) – GK Bloenburg

23 Augustus: Dr. DG Breed (Douw) – GK Waterkloofrand

23 Augustus: Mev. ME van der Merwe (Maria) (Vogel), weduwee van ds. GM Vogel (Gert) – GK Vereeniging

27 Augustus: Dr. H Krüger (Helena), eggenote van prof. PP Krüger (Paul) – TSP

28 Augustus: Mev. FH Venter (Nerina), eggenote van ds. JH Venter (Jan) – GK Venterstad

29 Augustus: Mev. AZJ Malan (Anna) (92), weduwee van dr. CJ Malan (Chris) – GK Noordbrug

30 Augustus: Mev. EC Klopper (Elsie), eggenote van ds. AH Klopper (Dries) – GK Kroonstad

## Kerklke administrasie

### BEROEPENUUS

#### Beroepe ontvang

Prop. Mduduzi Mahlangu na GK Idwala Lensindiso in Enkumane, Richmond, KwaZulu Natal

#### Beroepe aanvaar

Ds. MJ (Thys) Erasmus van GK Nelspruit na GK Pretoria-Magalieskruin

#### Beroepe bedank

Ds. GD Oosthuizen (Orrie) van GK Vaalharts na GK Bothaville



### EMERITERING

**Ds. NN (Norman) Ligege**, van GK De Hoop, het op 2 Julie 2022 sy afskeidspraak

gelewer. Ds. Ligege is op 1 September 1979 in sy eerste gemeente te Sannieshof bevestig waar hy vir 10 jaar predikant was. Van 1989 tot 1996 was ds. Ligege werksaam by die SAUK, waarna hy die beroep na GK De Hoop aanvaar en predikant was tot met sy emeritering.

### BEVESTIGING

Die bevestiging van **ds. HM (Herman) Stavast** van GK Wierdapark het op Sondag 24 Julie 2022 plaasgevind. Die bevestiging is deur ds. GS (Gerrit) Kruger van GK Centurion waargeneem.



## PARYS HERDENK 150 JAAR!!

Die Gereformeerde kerk Parys is hierdie jaar 150 jaar oud. Die gemeente vier hierdie herdenking met die volgende program:

### Saterdag 20 Augustus 2022

Van 10 uur af – Optrede van GP van Rheede van Oudshoorn en sy orkes terwyl heel hoenders gebraai word vir middagete.

13:00 – Middagete en gesellige kuier

### Sondag 21 Augustus 2022

10:00 – Nagmaalviering

11:30 – Gedenktuin en gedenkbord word in gebruik geneem.

12:00 – Geleentheidstoespraak

13:00 – Vingerete en verder kuier

### Uitnodiging

Alle oud-lidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi na die geleentheid. U kan met br. Sanus Weyers (082 417 8931) of met dr. Rudolph van der Merwe (082 738 4173) kontak indien u die geleentheid wil bywoon.



# Die Teologiese Studente Vereniging

Bied aan 'n konferensie oor

## Gereformeerde denkers deur die eeue

Saterdag, 27 Augustus  
by

Gereformeerde Kerk Potchefstroom- Suid  
Kruger Street, Potchefstroom

Registreer nou! Beperkte plek  
beskikbaar

R50 per persoon

**Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,  
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.  
E-pos: [wymiedup@gksa.co.za](mailto:wymiedup@gksa.co.za)**

**TARIEWE:**

**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.  
Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.  
BTW is ingesluit.  
Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

**VAKANSIE EN VERBLIFY**

**NATALE SUIDKUS**

**UVONGO:** LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansiewoonstel met 'n 180° volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Eenheid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis insluitende wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser.

Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na [luzelle@uvongoholidays.co.za](mailto:luzelle@uvongoholidays.co.za) en kyk gerus na my webblad by [www.uvongoholidays.co.za](http://www.uvongoholidays.co.za)

**DOONSIDE (SHANGRI LA):** (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Prievaatsbesit, billike tariewe.

Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465. E-posadres: [lettiefour@gmail.com](mailto:lettiefour@gmail.com)

**WESKAAP / TUINROETE**

**STELLENBOSCH:** KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082

551 4784 of [www.kieriekwaak.co.za](http://www.kieriekwaak.co.za) vir verdere inligting.

**MPUMALANGA**

**DULLSTROOM:** Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

**VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN OORNAG:** Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

**BLOEMFONTEIN:** Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

**ALLERLEI**

**BINDWERK:** Flinke bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

## kleinADVERTENSIES

### **BOEKE deur prof. VE d'Assonville:**

*Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard aflewingsfooi van R100 word gehê vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.*

*Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.*

*Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).*

*E-posadres: [milliewyma@ballmail.co.za](mailto:milliewyma@ballmail.co.za) of [www.marnix.co.za](http://www.marnix.co.za)*

**Dit is Totius** (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

**SJ du Toit van die Paarl** (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

**Bloedrivier** (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Die Groot Diamantroof** (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

**Die Van der Merwes van Middendeel** (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

**Generaal de Wet in die Vredesfortkoepel** (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

**Kruger en Rhodes** (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

**Majuba** (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Op die Bodem van die Vaaldam** (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

**"O Vaalrivier... Broederstroom!"** (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

**Totius se Oorlogsdagboek** (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

**Calvyn verdedig sy stad** (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

**Die boek Openbaring** (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

**The Book of Revelation** (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

**Die koms van Christus en die Antichris** (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

**Die Psalms sing van Christus** ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

**Gereformeerde Doopsformulier** (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

**Bakens vir die Kerkgeskiedenis** (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

**Kerk op die Wit Hooglande** ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

**Eugène Marais en die Waterberge** (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100



JAN HARM STEENKAMP

B.Pharm. PSGT


Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

***Ons ondersteun graag Die Kerkblad***


# BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




R80.00  
(posgeld en verpakking  
uitgesluit)



R65.00  
(posgeld en verpakking  
uitgesluit)



R15.00  
(posgeld en verpakking  
uitgesluit)



R8.00  
(posgeld en verpakking  
uitgesluit)

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,  
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos [bestellings@gksa.co.za](mailto:bestellings@gksa.co.za)**

Die volgende gesprek met die redakteur op PretoriaFM vind plaas op **SONDAG 11 SEPTEMBER 2022**. U kan na PretoriaFM luister op 104.2 / 106.6 MHz; of TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan  
Die Kerkblad:  
Posbus 20008, Noordbrug 2522;  
faks 018 293 1042  
E-pos: [kerkblad@gksa.co.za](mailto:kerkblad@gksa.co.za) (kopieredakteur)  
[callie.coetzee@nwu.ac.za](mailto:callie.coetzee@nwu.ac.za) (redakteur)**




POTCHEFSTROOM  
TEOLOGIESE • THEOLOGICAL  
PUBLIKASIES • PUBLICATIONS

## POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrond is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)



### **GOD SE GENADIGE VERKIESING – Onderrig en troos van die Dordtse Leerreëls**

Redakteur: Francois P Viljoen

Medewerkers:

- Sarel P van der Walt
- Griffel van Wyk
- Albert J Coetsee
- Braam (AJ) Krüger
- Brahm (CB) Robinson

Hierdie publikasie bied die historiese konteks, en die toeligting, besinning en prediking van die Dordtse Leerreëls. Die volgende temas kom aan die orde:

- die historiese konteks van die Dordtse Leerreëls, met spesifieke verwysing na die "Voorwoord" en "Besluit";
- God se voorbeskikking;
- die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood;
- die verdorvenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind; en
- die volharding van die heiliges.

Die vertroue is dat hierdie publikasie daartoe sal bydra dat die rykdom van die Dordtse Leerreëls opnuut in ons kerke en huise waardeur sal word.

**PRYS: R95 (posgeld en verpakking uitgesluit)**


### **KAIROI VAN GENADE – Redakteur: Francois P Viljoen**

Paulus skryf: "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken ..." (1 Kor. 13:12). Hier op aarde lyk baie dinge vir ons raaiselagtig, maar God gee vir ons spesiale geleenthede van genade om insig te kry en in ons geloof te groei, terwyl ons daarna uitsien om eendag ten volle te ken. So leer ons Hom beter ken, wil ons Hom eer en wil ons Hom aan die wêreld verkondig.

Vir hierdie publikasie, wat bedoel is vir persoonlike oordenking en prediking, is 'n aantal van hierdie spesiale geleenthede van genade as tema geneem: die bediening van die doop, die nagmaal, die aflegging van geloofsbelydenis, huweliksbevestiging, begrafnis, bevestiging van diakens en ouderlinge, sending en evangelisasie, en barmhartigheidsdiens.

Hierdie geleenthede laat ons iets sien van die volle heerlijkheid wat kom.

**PRYS: R50 (posgeld en verpakking uitgesluit)**



**BESOEK GERUS ONS WEBBLAD**

**[www.ptpboeke.co.za](http://www.ptpboeke.co.za) en ons Facebook-blad  
Potchefstroom Teologiese Publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO  
Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos [bestellings@gksa.co.za](mailto:bestellings@gksa.co.za)**